



Verwysing: 20190208-1442
Lêernommer: 12/2/8/30/R
Navrae: Skoolverrykingskoördineerder

Inrigtingsbestuur en -beheerminuut: 0002/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-
ondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en
Prinsipale van hoërskole

**Onderwerp: Uitnodiging om aan die neënde jaarlikse Nasionale Skynhofkompetisie vir Skole
deel te neem**

1. Die agste jaarlikse Nasionale Skole Skynhofkompetisie vir senior leerders (graad 10 tot 11) in Suid-Afrika sal tussen Junie en Augustus 2019 plaasvind. Hierdie kompetisie bied 'n unieke geleentheid vir leerders om hulle navorsings-, skryf- en voorspraakvaardighede te ontwikkel soos hulle poog om die grondwetlike kwessies wat ons land tans in die gesig staar, onder die knie te kry. Die grondwetlike uitdaging of probleemverklaring is gewoonlik hedendaags, maar uniek en gedagteprikkelend. Dit is uitdagend, maar bied die geleentheid vir van die mees unieke insigte vanaf die jeug.
2. Die Skynhof sal aangebied word met die aktiewe deelname van regs fakulteite van verskeie universiteite, die regering (spesifiek die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling (DoJ&GO) en die Departement van Basiese Onderwys (DBO)), die georganiseerde regsprofessie, howe en die media. Die Universiteit van Pretoria, Venda, Kaapstad en Wes-Kaap sal die leerders voorberei.
3. Die taalmedium van hierdie geleentheid sal Engels wees, maar deelnemers sal toegelaat word om enige van die amptelike tale van Suid-Afrika in die finale ronde te gebruik.
4. Alle sekondêre skole in Suid-Afrika word genooi om in te skryf. Hoogstens vier spanne per skool kan registreer. Elke span sal uit twee leerders bestaan. 'n Fiktiewe (of "hipotetiese") probleem wat 'n grondwetlike kwessie of kwessies insluit, sal opgestel word. Die eerste ronde sal in geskrewe vorm wees. Daar sal van leerders verwag word om twee kort opstelle te skryf wat die opponerende kante (applikant en respondent) van die saak, op 'n oortuigende wyse en op grond van die wet van die Republiek van Suid-Afrika, uiteensit.

5. Ten einde alle spanne 'n regverdige geleentheid in die kompetisie te bied, sal materiaal oor die Suid-Afrikaanse Grondwet op die internet beskikbaar gestel word en skole sal op versoek 'n harde kopie ontvang.
6. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is verantwoordelik vir die provinsiale mondeling. Dit sal in Augustus 2019 in die Kaapse Hooggeregshof plaasvind. Vier spanne van die Wes-Kaap se provinsiale eindronde sal dan genooi word om aan die nasionale mondelinge rondes by die Johannesburgse Hooggeregshof teen spanne van die ander agt provinsies deel te neem. Hier sal hulle teen mekaar argumenteer om die nasionale wenners te bepaal, wat genooi sal word om aan die Internasionale Skynhofkompetisie in Den Haag (Nederland) deel te neem.
7. Die WKOD nooi hiermee alle skole om aan hierdie opwindende kompetisie deel te neem. Voltooi asseblief die aangehegte registrasievorms en stuur dit per e-pos teen **31 Mei 2019** na die skoolverrykingskoördineerder in u distrik. Voltooi asseblief 'n afsonderlike registrasievorm vir elke span. 'n Lys met e-posadresse is aangeheg. U kan dit ook na Dennis.Pillay@westerncape.gov.za stuur.
8. Skole wat registreer, sal met werksessies en begeleiding deur kundiges op die gebied bygestaan word. 'n Paar pryse wat die eerste jaar van hul regstudie by enige Suid-Afrikaanse universiteit ondersteun waar hulle toelating verkry, sal aan uitsonderlike deelnemers toegeken word. Vir verdere inligting oor die Skynhofkompetisie, sien www.up.ac.za/law of kontak u skoolverrykingskoördineerder.
9. Bring asseblief hierdie minuut onder die aandag van ALLE graad 10- tot 11-onderwysers en -leerders.

GETEKEN: HA LEWIS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING

DATUM: 2019-03-18

Distriksamptenare se kontakbesonderhede

Onderwysdistrik	Kontakbesonderhede
Metro-Noord	Mnr. D Leonard Tel.: 021 938 3170 Faks.: 021 938 3180 E-pos: David.Leonard@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Me. S Majiet Tel.: 021 514 6700 Faks.: 021 514 6953 E-pos: Shaheeda.Majiet@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Mnr. R Esau Tel.: 021 370 2000 Faks.: 021 372 1856 E-pos: Rowan.Esau@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Me. MJ Swartz Tel.: 021 900 7253 Faks.: 021 903 2149 E-pos: Mary.Swartz@westerncape.gov.za
Weskus	Me. C Beukes Tel.: 021 860 1210 Faks.: 021 860 1231 E-pos: Cathlene.Beukes@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Mnr. G Jacobs Tel.: 023 348 4602 Faks.: 023 342 4138 E-pos: Ghalid.Jacobs@westerncape.gov.za
Overberg	Mnr. K Mike Tel.: 028 214 7300 Faks.: 028 214 7400 E-pos: Kobus.Mike@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	Me. S Stofile Tel.: 044 803 8300 Faks.: 044 873 2253 E-pos: Sinovuyo.Stofile@westerncape.gov.za